



HOËRSKOOL BREDASDORP HIGH SCHOOL

Nuusbrief Newsletter

01 | 2024
26 | 01 | 2024

BELANGRIKE DATUMS

Ma., 29 Jan.: Cum Laude-aand, gr 8-11 akademiese toekennings van 2023

Do., 1 Feb: Beheerliggaamvergadering

Sa., 3 Feb: Atletiek interskole (Hermanus)

PERSONEEL

- Mev Yvonne Heunis verlaat ons aan die einde van Februarie. Ons wens haar seën toe met haar toekomsplanne. Sy was van 2016 af 'n gewaardeerde lid van ons personeel
- Me Sanna Prins was een van 8 afrigters by die 13-18 jaar ouderdomsgroep wat vanaf 10-14 Januarie die Princess Dutch hokkieafrigtingskliniek in Stellenbosch bygewoon het. Gespesialiseerde afrigtingstegnieke is aan die afrigters geleer wat hul weer tydens die kliniek aan die 200 hokkiespelers by die kliniek moes oordra en die tegnieke help toepas.
'n 5-a-side toernooi is tydens die kliniek gehou waar elke afrigter 'n groep kinders moes lei en hulle dan in spanne teen mekaar meegeding het. Juffrou Prins se span het die toernooi gewen. Baie geluk!

ONS VERWELKOM ONS NUWE PERSONEELLEDE:



Me Christine Viljoen
IGO en Tegnieke
Tekeninge



Me Sharon du Plooy
Studentonderwyser




Baie geluk juf. Eloïse du Plessis en ds Pieter Nel met jul verlowing!



Baie geluk aan elke Afrikaanse opvoeder in die Overberg-streek, ons eie HSB Afrikaanse department inkluis, met hierdie besondere prestasie.







2023 BD-MATRIEKS MAAK HOËRSKOOL BREDASDORP TROTS

Baie geluk aan die BD-matrieks van 2023!


• Aantal Kandidate: 89	• Baccalaureusgraadtoelating: 69
• Klasgemiddeld: 61,87	• Aantal vakonderskeidings: 71
• A-kandidate: 6	• B-kandidate: 17



Elza de Kock, 90,33%




Safana Walele, 88,33%




Amanda Gourws, 87,67%



Jumeri Beukes, 85,83%



Johané Beukes, 83,83%



Harold de Wet, 80,67%

Die Beheerliggaam, Personeel en Ouers is trots op elke matriekandidate vir hul toewyding en positiewe ingesteldheid. Sterkte vir 'n blink toekoms!

HSB is besonder trots op die 2023-matriekklas wat met 6 A-gemiddeldes spog. Die topkandidate is Elza de Kock met 'n gemiddeld van 90,33%, gevolg deur Safana Walele met 88,33%. Die slaagsyfer is 99%.

69 kandidate het Baccalaureus-toelating. Die skool spog voorts met 71 vakonderskeidings.

Ons weet daar wag 'n blink toekoms op ons 2023-matriekklas.



Mnr Retief (skoolhoof) het onlangs in gesprek getree met me Ursula la Grange tydens 'n Caledon FM-uitsending rakende die matriekuitslae en die skool.

GR 8 VERWELKOMING



107 gr 8-BD's se hoërskoolloopbane het op 15 Januarie met 'n oorslaap by Heldersig Koshuis begin. Tydens hul verwelkomingstydperk is hul bekend as die *Navy Seals* en het hul tot dusver aan verskeie aktiwiteite deelgeneem wat hulle baie geniet het.

Maandagaand is daar konsert gehou en hierdie nuwelinge het ook een oggend douvoordag die Heuningberg aangedurf.

Vanjaar is goeie spanwerk en samewerking die uitstaande kenmerk van hierdie groepie nuwelinge. Hulle neem entoesiasies deel en trek elke dag getrou volgens 'n spesifieke tema aan.

Gr 8's, mag julle verbintenis met Hoërskool Bredasdorp vol onthou-oomblikke wees.



Matriekraad verwelkom nuwe gr 8's



Malienke van Wyk (gr 9) is aangewys as die wenner van die hoërskoolafdeling (gr 8-12) vir die kategorie Kortverhale in die ATKV Thabazimbi se skryfkompetisie.

Bekende jeugsrywer, Carla van der Spuy, het opgetree as beoordelaar en was baie beïndruk met Malienke se kortverhaal. In 'n stembodskap het sy gemeld dat dit een van die beste kortverhale van 'n hoërskoolleerder was wat sy nog moes beoordeel.

Malienke het ook 'n getekende kopie van haar jeugroman, *Gangster*, ontvang.

Ons is voorwaar trots op hierdie aspirantskrywer.

SPORTUITSLAE

7'S RUGBY



Norté Mintoer (links) en Kyle Willeman het gedurende die vakansie, 'n Boland Streekspan tydens die IRB internasionale Rugby Sewestoernooi in Dubai verteenwoordig. Hul span was die enigste o/17-span wat aan hierdie o/19-sewestoernooi deelgeneem het. Die o.17 span het 3de geëindig. 'n Uitmuntende prestasie, aangesien dit 'n o/19-toernooi was. Beide het hul gate uit geniet.

TWEEKAMP

Die BD's het op 20 Januarie 'n hittige Paarl trotseer toe hulle by Paarl Gimnasium aan die Boland Tweekamp-byeenkoms deelgeneem het.

Ons is trots op die volgende leerders wat in verskeie Boland Tweekampspanne opgeneem is:

Dirk Uys o/15 B-span
Dirk Neethling o/17 A-span
Remy Wessels o/17 A-span

Julle hou die BD-naam hoog!



GHOLF

Die BD-gholfspan het op 22 Januarie ligawedstryde oor 9 putties teen Hoërskole Hermanus, Robertson, Montagu en Swellendam in Hermanus gespeel. Die beste BD-tellings aangeteken, was:

Kevin Goliath: 5 punte
Kyle Willeman: 11 punte
Hanru Zietsman: 11 punte
Edmund O'Ehley: 21 punte

JAARTEMA:
CONNECT

CRICKET

The BHS u/19A cricket team played their first match of the year on Saturday, 20 January against HS Robertson.

The boys unfortunately lost the game with 8 wickets.



TENNIS

Uitslae wedstryde teen HS Hermanus: 23 Januarie:

- 1ste dogters verloor 0-6
- 2de dogters wen 6-0
- 1ste seuns verloor 0-6
- 2de seuns wen 4-2



KWARTAALTEMA
Connect with People



Vlnr: Kevin Goliath, Hanru Zietsman, Edmund O'Ehley, Kyle Willeman

KICKBOXING



Students from BHS successfully completed their kickboxing grading at Triple- D Martial Arts Centre on 9 December 2023. Leighton Ahrends graded to Orange belt. Tamzin Neale graded to Yellow belt. These students also received nominations at the Overberg Kickboxing Awards for 2023. Leighton Ahrends- Nomination for "Best Junior Male Kickboxer". Tamzin Neale- Nomination for "Best Older Female Cadet Kickboxer". Congratulations on your achievements.

JUKSKEI



Markus de Villiers het van 8 - 13 Desember 2023 vir die Kaapse Wynland Elite Seunsspan aan die Suid-Afrikaanse Jukskei-kampioenskappe in Kroonstad deelgeneem. Daar was 10 o/19-spanne. Die Kaapse Wynlandspan het hulle ouderdomsgroep gewen. Markus het ook saam met sy spanmaat die dubbelskampioenskappe gewen. Op die foto verskyn Markus heel regs, saam met sy spanmaat en afriqter.

HS Bredasdorp
Netbal
Colour run
R 40
4 KM
17:30 vir 18:00
Woensdag
07-02-2024
Almal is welkom
Navrae: 078 131 0868 (Larissa)
"BECAUSE LIFE IS MEANT TO BE COLOURFUL"

HOËRSKOOL
BREDASDORP
OPEDAG
CONNECT met die BVD's
26 FEB 2024
18:00
Register Now
SCAN ME
www.hsbredasdorp.co.za [@hoerskoolbredasdorp](https://www.facebook.com/hoerskoolbredasdorp) [@hsbredasdorp](https://www.instagram.com/hsbredasdorp)